



TEOLOGIESE OPLEIDING

Die teologiese opleiding van die GHG se dienaars van die Woord is belangrik. Lidmate word uitgenooi om deel te neem aan die debat oor die toekoms. Vir die doel word die volgende onderhoud in Die Skietlood weergegee.

Onderhoud met ds Frans Oosthuizen, voorsitter van die Kuratorium van die Geloofsbond, na aanleiding van die sluiting van 'n ooreenkoms op Donderdag 30 Oktober 2014 met die APA (Afrikaanse Protestantse Akademie) in verband met die opleiding van ons predikante.

1. Wat het daartoe aanleiding gegee om 'n alternatiewe, eie teologiese opleiding daar te stel?

Met die onafhanklik word vanuit die NHKA, wil ons op die ou beproefde teologiese pad bly loop soos ons daaraan gewoond was tot ongeveer voor 1990. Daarom het ons begin soek na 'n opleidingsinstansie wat in die eerste plek, soos ons, onvoorwaardelik bly vashou aan die Bybel as die Woord van God, en staan by die 3 Belydenisgeskrifte en die 3 ekumeniese Geloofsbelydenisse. 'n

Opleidingsinstansie wat, soos ons, Afrikaans as ons moedertaal liefhet en ons Afrikaner-kultuur vanuit die Woord wil koester en bly kersten. Vir ons was 'n opleidingsinstansie waarin

- *die heilsfeite van die Evangelie, soos die maagdelike geboorte en opstanding uit die dood, bevraagteken word,*

- *die Goddelikheid van Jesus Christus aangetas word,*
- *etiese norme vanuit die Woord, soos byvoorbeeld dié oor die huwelik en homoseksuele praktyke, afgewater en tot niet gemaak word, vanuit die staanspoor **onaanvaarbaar**.*
- *'n Opleidingsinstansie met 'n charismatiese inslag en afgewaterde akademiese onderbou, is eweneens vir ons onaanvaarbaar.*

2. Hoe het dit gebeur dat u keuse op die APA geval het?

In ons soeke na 'n geskikte opleidingsinstansie, het ons pad met dié van die APA gekruis.

Verlede jaar, die 24ste Oktober, het ons ons eerste gesprek met die senaat van die APA gehad. Uit die staanspoor was dit baie gou duidelik dat ons en die senaat baie gemeenskaplike sienings deel oor die opleiding van predikante. Ons gesprek het in 'n baie broederlike en vriendelike gees verloop.

3. Geniet die APA kwalifikasies nasionale erkenning?

Ja. Inteendeel, dit geniet internasionale erkenning.

4. Wat behels die ooreenkoms kortliks?

Die APA lei ons teologiese studente op aan die hand van hulle akademiese kurrikulum. Huidiglik, 'n BA- en BTh-graad. Dit staan ons vry om uit hulle beskikbare curriculum vir die BA-graad, sekere vereistes aan ons studente te stel. Die omvang van hulle kurrikulum bied ons ruimskoots geleentheid daartoe.

Die APA is ook so vriendelik om vir die eerste 3 jaar van opleiding, self die (finansiële) waarborgstelling by die DHOO vir al ons studente in plek te hê. Ons as Geloofsbond sal (binne die volgende 3 jaar) aandag aan die saak moet skenk. Miskien moet ek net hier kortliks sê wat waarborgstelling behels. Alle tersiêre inrigtings is wetlik verplig om ten opsigte van elke student wat by hulle studeer, 'n bedrag, gelykstaande aan die opleidingskoste van 'n student, addisioneel op belegging te hê.

Met die BTh-graad is die deur vir ons oopgelaat om self vakke aan te bied wat hoofsaaklik op ons etos afgestem is. Hier dink ons byvoorbeeld aan vakke soos *Praktiese Teologie*, *Kerkgeskiedenis* en moontlik sekere aspekte van *Dogmatiek*. Die tyd sal nog leer. Die hoofsaak egter, is dat die APA, baie tegemoetkomend, bereid is om ons te akkommodeer en ons in hulle geledere 'n leefruimte te bied.

Dit is ook in die vooruitsig gestel dat die Kuratorium moontlik in die toekoms sittingsreg op die raad mag verkry. Ons kon eintlik geensins op 'n beter ooreenkoms en op 'n groter tegemoetkomendheid hoop, as wat die APA ons bied nie.

5. Wat is die minimum graad-vereisters waaraan Geloofsbond studente moet voldoen?

BA-Graad: Grieks 3, Hebreeus 2, Kerklike Latyn, Wysbegeerte, Leeskennis van Duits of Frans.

BTh-Graad: Ou Testament, Nuwe Testament, Dogmatiek, Kerkgeskiedenis, Praktiese Teologie, Sendingwetenskap.

6. Kan studente hierdie voorgraadse kursus ook aan ander universiteite voltooi?

Ons verkies dat ons studente hulle hele opleiding by die APA sal ontvang.

7. Wat moet persone doen wat belangstel om as studente van die Geloofsbond te studeer?

Voornemende studente moet eerstens met die sekretaris van die Kuratorium, oudl Pieter Geyser van Gemeente Meyerspark, in verbinding tree vir 'n gesprek met die Kuratorium. Hy sal ook die ander nodige inligting aan hulle verskaf.

8. Is daar op hierdie stadium beurse vir studente beskikbaar?

Op die oomblik nie. Soos almal weet is die fokus op die oomblik daarop gerig om fondse op te bou vir 'n moontlike hofspraak oor ons kerklike eiendom. Die daarstelling van 'n beursfonds, en die daarstel van 'n waarborgstelling ten opsigte van al ons studente, sal mettertyd die nodige aandag geniet.

9. Wanneer verwag u die eerste studente om in te skryf?

Daar is reeds twee jongmense wat aangedui het dat hulle belangstel. As ons lewe en gesondheid hou, voer ons gesprek met die 2 kandidate teen die tweede helfte van November.

10. Oor watter ander sake hou die Kuratorium ook toesig?

Aansoeke van predikante en gemeentes om by die Geloofsbond geakkrediteer te word.

ONS WENS U EN DIE KURATORIUM STERKTE EN GELOOFSWYSHEID TOE VIR U TAAK.

- Ds Gawie Wolmarans